Getal 9 storie:

Volgende kom die voëls. Nege voëls vlieg al dae lank in die lug rond op soek na net die regte soort huis wat veilig en warm is. Hulle klap al heeldag hulle vlerke, en soek hoog en laag na 'n plek wat hulle 'n tuiste kan noem.

Uiteindelik vind hulle 'n huis wat lekker snoesig lyk. Die nege voëls gaan sit op die vensterbank en loer in. Daar woon niemand in die huis nie!

Die voëls gebruik hul snawels om materiaal bymekaar te maak. Hulle maak 'n getalsimbool 9 en die getalnaam nege daarmee. Hulle plak dit op die voordeur van die huis vas. Elke voël maak een deurklokkie vir die voordeur.

Daar is net een slaapklamer in die huis, maar gelukkig het voëls nie beddens nodig nie. Hulle hou daarvan om te sit en te slaap!

Drie van die voëls gaan sit op 'n vensterbank, drie op 'n stoel, en drie gaan sit op die bad se rand. Hulle pof almal hulle vere uit om lekker warm kombersies te maak. Hulle is so moeg dat hulle nie kwetter of kweel nie – die nege voëls slaap die hele nag deur en word nie die volgende oggend vroeg genoeg wakker om wurms vir ontbyt te vang nie.

Gelukkig lui die nege deurklokkies net toe die voëls begin honger word. Hul vriendelike bure staan by die voordeur met lekker vet, sappige wurms om die voëls te verelkom: een olifant van huis nommer 1, twee sebras van huis nommer 2, drie meerkatte van huis nommer 3, vier kameelperde van huis nommer vier, vyf apies van huis nommer 5, ses eende van huis nommer 6, sewe paddatjies van huis nommer 7 en ag muise van huis nommer 8.


9
nege